



DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 14 * Nr 143 * APRIL 2018

LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Paasgeregte regoor die wêreld	3
Fokus op die Huwelik	4
Reseptehoekie	5
Mosambiek Geletterdheid	6&7
Gebedsaksie	8
Woekerblad	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

Wil jy graag iets in ons koerantjie plaas of self ietsie skryf?

Bydraes vir April moet Kerkkantoor voor 12:00 op Maandag, 09 Apr bereik!



FRAGMENT VIR PAASFEES:

Toe dit aand geword het staan Maria nog by die kruis. Die smart het haar verdwaasd en rou gelaat.

Om haar skouers voel sy die sterk jong arms van Johannes. Sy voel die bloed in sy spiere klop en 'n rilling wat af en toe ruk deur sy lyf.

Die man wat aan die hout hang met Sy verminkte en deurboorde lyf is nie langer haar seun nie.

Wanneer hulle die kruis laat sak, stamp dit met 'n dowwe slag teen die grond. Maar die pyn voel Hy nie meer nie. Die hout kraak knarsend as hulle die spykers uit Sy hande en voete haal.

Uiteindelik kan sy Hom in haar arms hou, die aanmekaargekoekte hare wegvee van Sy voorkop ... Sy gesig, van die vuishoue opgeswel en bebloed, kan sy skaars herken. Sy glasige oë is leeg.

As hulle Hom wegdra, hang een arm styf weg van Sy lyf. Huiwerend laat sy haar hand gaan oor die repe vleis en bloed wat hard geword het op Sy rug.

By die graf was sy die bloed sorgvuldig af – soveel bloed, wat saam met die water wegvloei in die grond. Versigtig, asof die gemartelde liggaam nog kan voel, vryf sy die salf met haar hande in en draai die doeke om die swaar, strak ledemate, weerloos soos dié van 'n kind. En na hulle Hom weggeleê het in die koue wieg van die klip, laat sy toe dat Johannes haar weglei sonder om om te kyk.

Die boodskap wat die engel haar gebring het, 'n leeftyd tevore, is volbring.

-Wilhelm Knobel-

(uit Lazarus, 'n onvoltooide Bybelse roman)

LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)

Kol.3:11 Christus alles en in almal.



Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE. WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).

GELUKWENSINGS:

DOOP: 4 Mrt 2018



Jaunré Wessels

Ouers:
Jaun & Chantelle



Ouers:
William & Ilse



SEËNBEDE: Jesaja 58:11

"Die Here sal jou altyddeur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie"

BERG 80 VERJ: APR '18

LET WEL:

Ouderdom op lys is die huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Van	Noemnaam	Verjaar /	Ouderdom
Botha	Tienie	04/04	83
Barnes	Ann	04/07	81
Holtzhuizen	Lizzie	04/07	84
Albertyn	Sara	04/09	88
Smit	Catharina	04/12	83
Viljoen	Sus	04/18	82
Rehder	Jan	04/23	92
Rocher	Heloise	04/27	83
Van Der Merwe	Maria	04/30	88

Baie geluk!

2 Joh 1:3
Die genade,
barmhartigheid en vrede
wat van God die Vader
kom en van Jesus
Christus, die Seun van
die Vader, sal by julle
wees wat in die waarheid
en die liefde is.



PAASGEREGTE VAN REGOOR DIE WÊRELD

Dit is nie net Paasbolletjies en lamsvleis wat tipies dié tyd van die jaar op die spyskaart is nie. Oor die wêreld heen het verskillende lande interessante Paasfees-lekkernye. Griekeland In Griekeland smul hulle aan tsoureki, 'n tradisionele Paasbrood. Dit is 'n gevlegte brood wat gegeur word met denneboomgom en sitrusskil. Mayeritsa-sop, 'n sop wat van orgaanvleis gemaak word, is ook tradisioneel en word ná die middernag-mis geëet. Geen Griekse Paasfees kan sonder lamsvleis wees nie, verkieslik 'n hele lam wat stadig op 'n spit gaargemaak word. Italië Een van Italië se gunsteling-kostradisies tydens die Pase is die torta pasqualina, 'n ricotta-en-spinasiepastei waarby heel eiers gevoeg word. Die pastei word met lae skilferkors bedek. Tradisioneel het dié pastei 33 dun lae deeg om die ouderdom van Jesus te verteenwoordig toe hy gekruisig is. Rusland Páskha beteken Paasfees in Russies, maar dit is ook die naam van 'n tradisionele Paaspoeding. Dit word hoofsaaklik van roomkaas en maaskaas gemaak (kos wat tradisioneel in die vastyd verbode is) en met gedroogde vrugte gevul. Die poeding word in 'n piramidevorm gemaak en die letters "XB" word altyd daarop aangebring. In die Cirilliese skrif wat in Rusland gebruik word, staan dit vir "Christus het opgestaan". Duitsland Paasfees is vir die Duitsers die belangrikste datum op die Christelike kalender. Gründonnerstag (letterlik "groen Donderdag") is die Donderdag voor Paasfees wanneer hulle feesvier deur groen kosse te eet, soos Kerbelsuppe (kerwelsop), Eier in grüner Soße (eiers in groensous) en Fischfrikadellen mit grüner Soße (viskoekies met groensous). Spanje Die Spanjaarde smul aan spesiale oliebolle, of rosquillas, wat gemaak word van broodkrummels gegeur met kaneel, roosmaryn en heuning. Dié lekkernye word gewoonlik by kloosters verkoop waar die resepte streng bewaar word. In die Castilla y León-streek van Spanje kan jy ook hornazo geniet – 'n geurige brood gevul met alles van ham en kaas tot hardgekookte eiers en worsies.

-Netwerk24-

Bron: Republikein van 11 Maart 2016
(Namibië se koerant)

Dance-in-Line Worx

'n Dans waaraan almal kan deelneem

Alleen dans op - "Country of Latin
of Pop of Disco of Irish", ens. musiek!



Kom sluit by ons aan ...!

Klasse: Maandae tot Donderdae

Plek: Lourensrieviergemeente se saal, Strand

Skakel gerus vir Martie (083 287 7040) vir meer info.





FOKUS OP DIE HUWELIK

Christa Jonker-Jordaan

'n Verhouding vir Christus

1 Johannes 4:11-12

Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê. Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar lief het, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.

In my verhoudings wil ek ook 'n verskil maak. Ek is nie volmaak nie, maar sal graag vir die man/vrou aan my sy 'n tikkie van God se volmaakte liefde wou bring. Ek sou graag my huwelik wou heilig hou vir Christus.

Dit is so wonderlik dat God mense in verhoudings geplaas het. God het reeds aan die begin van alle tye gesien dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie, daarom het God dit so gewil dat ons 'n maat kan hê.


Soms beland ons deur omstandighede in verhoudings wat onuithoudbaar vir onself is en nie tot eer van God strek nie. Ons word vasgevang in 'n web waaruit ons wil kom, maar nie in staat is om op eie houtjie uit te kom nie. Ons bid dan "Here wat staan my te doen? Waar begin ek die verskil maak in my verhoudings? Begin ek by myself? Begin ek met gebed?"

Lees dan: Spreuke 16:3. Laat wat jy doen, aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk.

Is dit so maklik?

Dit is vir my as mens so moeilik om hierdie waarheid aan te gryp! Tog lees ek verder in Spreuke 16:20. Wie ag gee op die woorde van die Here, sal voorspoed geniet; wie op die Here vertrou, met hom gaan dit goed.

Here seën ons en ons verhoudings sodat ons tot eer van U kan lewe!



Gebed vir jou huwelik

Vader, gee my die wysheid om met sagte woorde met my maat te praat omdat my woorde lewe of dood in my huwelik kan skep. Ek bid dat ek die nederigheid van hart sal hê om regtig te luister as my maat praat en te begeer om hul hartsbehoefte raak te hoor.

In die Naam van die Een wat altyd luister, Jesus Christus
Amen

Saamgestel deur Gretha Wiid

RESEPTEHOEKIE

WENKE WAT WERK: Om ou bakplate mooi skoon te maak tot in die hoekies: “

Hierdie is 'n wenk wat regtig werk. Tap die wasbak vol baie warm water en voeg twee eetlepels wasgoedversagmiddel by voordat jy jou bakplate daarin sit. Laat vir 'n halfuur week. Gebruik dan 'n tandeborsel of 'n skuursponsie en werk aan die opgeboude vuilheid – dit behoort maklik los te kom. As die wasbak nie groot genoeg is vir die hele plaat nie, maak 'n pasta aan deur 'n koppie warm water en die versagmiddel te gebruik en smeer dit goed in die hoeke in. Laat vir 15 minute staan, skrop en spoel goed af.



MAKLIKE RESEP VIR PAASBOLLETJIES

10 g Anchor droë kitsgis
500 g koekmeel
65 ml suiker
5 ml sout
3 ml gemengde speserye
3 ml fyn neut
4 ml fyn kaneel
150 ml lou warmwater
60 g margarien gesmelt
125 loutwarm melk
1 eier geklits
150 g droë vrugte koekmengsel

Kruisie:

100 g koekmeel
50 ml olie
125 ml melk
2 ml sout

PAASBOLLETJIES:

Meng meel, sout, suiker, speserye, kitsgis en vrugte baie goed saam.

Meng gesmelte margarien, loutwarm water, melk en eier.

Voeg vloeistof by droë bestanddele en meng tot 'n sagte elastiese deeg.

Plaas deeg in gesmeerde bak.

Bedek en laat rus vir 20 minute.

Knie goed deur en verdeel in 18 eweredige dele.

Rol in bolletjies en plaas op gesmeerde bakplaat.

Laat 20 minute rys of tot dubbel die grootte.

Maak intussen die deeg vir die kruisie.

Meng meel, sout, olie en melk tot 'n dun deeg, wat gespuit kan word, maar nog vorm sal behou.

Bestryk die bolletjies met geklitste eier.

Spuit 'n kruis oor elke bolletjie en bak 15 tot 20 minute op 200 C.

Kook intussen die 50 ml melk, 50 ml suiker en 50 ml water vir vier minute lank saam.

Glanseer bolletjies hiermee sodra dit uit die oond kom.



ERRIEDA DU TOIT (HUISKOK) SE LAMSBOD IN JOGURT

'n Eenvoudige manier om 'n feestelike lamsboud op Paassondag te maak. Dit het 'n Griekse oorsprong. Die resep is opgeneem in my en Francois se boek *Huiskok Glanskok*.

Maak 6 porsies

1 lamsboud van ongeveer 1.2 kg, ontbeen en gevelek

500 ml dubbelroom (Griekse) jogurt

4 knoffelhuisies fyngeskap

60 ml vars origanum, gekap

5 ml fyn komyn

Sout en varsgemaalde swartpeper na smaak

Meng die jogurt, knoffel, origanum, komyn, sout en peper saam. Marineer lamsboud in mengsel vir ongeveer 'n uur.

Voorverhit die oond tot 240°C. Haal lamsboud uit marinade en plaas in oondpan. Bedek met tinfolie en bak vir 20 minute by 240°C, draai dan die hitte laer na 180°C en bak nog 30 minute. Haal uit oond en laat vir 10 minute rus. Sny vleis in skywe.



Hoekom lamsvleis verbind word met Paasfees:

Die diepgewortelde assosiasie van die Paaslam met Jesus as die Goeie Herder, Agnus Dei, die lam van God, laat die betekenis van tradisiekos soos skaapboud op Paas-Sondag voortleef. Lamsvleis se diep verbintenis met die Paas gaan baie ver terug, voor die geboorte van Christus, toe die Jode in Egipte die deurkosyn gemerk het met die bloed van die geofferde lam, om hul eerste gebore seuns te spaar. Ons lees hiervan in Eksodus. Jode wat tot die Christendom bekeer is, het met die tradisie om lamsvleis op Paassondag voor te sit aangegaan.

Paaslam in ander vorme: Viering van Paasfees met lamsvleis aan die Griekse tafel:

Ek sou op Paas-Sondag graag 'n gas aan 'n Griekse tafel wou wees, waar geloofsgebruike steeds 'n baie sterk invloed op die kos het. Eers word die vas gebreek met gevlegte Paasbrood en rooi-gekleurde hardgekookte eiers wat simbolies van lyding. Daarna word die Paaslam van snoet tot stert gevier – die grootste deel daarvan op die spit gebraai. Magiritsa, 'n suurlemoen-gegeurde Paastyd-sop en kokoretsi gemaak van die hart, lewer en niertjies (soos ons lewer in netvet oor die kole gebraai) vier ook die opstanding.

Raad met oorskiet-lamsvleis: Maak só met oorskietvleis wat oorbly na Paas-Sondag. Druk dik snye plaasbrood in sirkels uit met 'n medium-grootte koekiedrukker. Bestryk die brood liggies met olyfolie en bak dit in die oond tot bros en goudbruin. Smeer die bokant met 'n jogurt-okkerneutdoopsous of skordalia, sit 'n stukkie beet, spinasieblaartjie en happie gaar lamsvleis bo-op.



Mosambiek Geletterdheid "sodat hulle die Bybel kan lees"

Nuusbrief: Maart 2018

Goeie nuus vanaf Mosambiek

Geskryf deur Niehan Koekemoer

Baie dankie vir julle gebede en bydraes wat ons instaat gestel het om 3,569 kinders oor die afgelope 4 jaar in die Mosambiek Geletterdheidsbediening se bosskole te leer lees, skryf en van Jesus te vertel. Baie dankie ook vir jou volgehoue betrokkenheid en ondersteuning.

MILANGE:

Bosskole

Ons administrateur, Isaac Gama, gaan voort met die bediening deur bosskole te vestig in verafgeleë areas. Hierdie jaar is daar 'n tweede skool geopen wat ook deur plaaslike Mosambiekers befonds word. Ons dank die Here dat al hoe meer Mosambiekers self verantwoordelikheid neem vir die opvoeding van hul eie kinders. Dit bring ons een doelwit, om 'n model te ontwikkel wat self-volhoubare skole tot gevolg het, al hoe nader.

Intussen versterk ons nogsteeds die hande van ons Mosambiekse broers en susters in die kerk daar, om geletterdheid na die ongeletterdes te bring waar dit nog nie vir hul finansieël haalbaar is nie.

Die getalle staan hierdie jaar alreeds op 1 200 kinders wat ingeskryf is by die ses bosskole.



ISAAC GAMA : Administrateur van die Geletterdheidsbediening in en rondom Milange, Mosambiek. Hy sien boerdery as die voertuig om self-onderhoubare skole in verafgeleë gebiede te vestig en gemeenskappe te



PRIMERE SKOOL : Hier is die Graad 1 juffrou wat die regering aan die skool voorsien het. Die skool banke was ook aan die skool geskenk

Kleuterskool

Die kleuterskool in Milange vorder mooi en natuurlik is ons ook daarvoor vir die Here baie dankbaar want ... die kleuterskool word op 'n self-volhoubare wyse bestuur! Die ouers van die kinders dra getrou tot die skoolfonds by waarmee onderwysers vergoed word en kos aan die kindertjies voorsien word



KLEUTERSKOOL : Oriëntering van die nuwe kleuterskool kinders van 2018.

Primêre skool

In 2017 is die twee-klaskamerskoolgebou voltooi. Die Graad 1 klas kon hierdie jaar begin omdat die regering by hul woord gehou het en 'n onderwyser vir die klas voorsien het. Dit is baie goeie nuus aangesien ons as die kerk 'n ekstra jaar kry om Jesus-liefde in die lewens van hierdie jong kinders en hul ouers in te bou.

Kommunikasie en rentmeesterskap

Rentmeesterskap is vir die projekspan in Suid-Afrika van kardinale belang. Isaac is nou al goed rekenaarvaardig en stuur maandeliks vir ons 'n verslag wat fotos, statistiek en die uiteensetting van die finansies insluit.

Op hierdie manier kan die projekspan in Suid-Afrika al die verwickelinge monitor en het ons ook ten alle tye insae in die spandering van die fondse om te verseker dat dit volgens begroting aangewend word.

GOEIE NUUS! NUWE UITBREIDING NA DIE NOORDE VAN MOSAMBIEK - QUIONGA:

In November 2017 het die projekspan in die Moslemgebied by **Quionga** (op die Noord-oostelike grens van Mosambiek teenaan Tanzanië) gaan besoek afgelê by die sendingpaar André en Anna-Marie Thiant. Die doel van die besoek was om te bepaal of geletterdheid as voertuig vir die uitdra van die evangelie daar sal kan werk.

Aan die begin van 2018 is die gesprekke in Suid-Afrika verder gevoer en, uit verskeie opsies wat ondersoek was, was kleuterskole as die beste manier gekies om as voertuie te dien om die Evangelie uit te dra. Die eerste inisiatief sal die bou- en vestiging van 'n kleuterskool op Quionga wees.

Die Thiant wil graag, wanneer hulle weer na Suid-Afrika kom aan die begin van 2019 belangstellendes en gemeentes besoek om terugvoering te gee. Maak asb kontak met Bertus van Schalkwyk as julle die Thiant wil ontvang om eerstehands te hoor van alles wat in 2018 met die Geletterheidsbediening in die Noorde gebeur het.

Projekleier:

Bertus van Schalkwyk

Epos: vanschalkwykbertus@gmail.com

André en Anna-Marie Thiant is intussen nadat hulle baie slegte paaie moes trotseer weer terug in Quionga waar 'n slang hulle in hulle huis verwelkom het.

Bid vir hulle werk in Quionga en ook vir die bou en vestiging van 'n kleuterskool in Quionga



BOSSKOLE : Die Mwanatanga skool, wat Isaac self befonds en wat besig is om heeltemal self-volhoubaar te word. Hierdie gemeenskap het in begin 2018 twee ander gemeenskappe gehelp om skole wat daar



André en Anna-Marie Thiant. Sendingpaar in Quionga

1 Timoteus 2: 1- 4

“Ek vermaan dan allereers dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word aangaande alle soorte mense, aangaande konings en almal wat ’n hoë posisie beklee, sodat ons kan voortgaan om ’n kalm en stil lewe met volkome godvrugtige toegewydheid en erns te lei. Dit is goed en aangenaam in die oë van ons Redder, God, wie se wil dit is dat alle soorte mense gered moet word en tot juiste kennis van die waarheid moet kom.”



Romeine 13:1-10

“Laat elke siel onderdanig wees aan die hoër owerhede, want daar is geen gesag behalwe deur God nie; die bestaande owerhede is deur God in hulle relatiewe posisies geplaas. Daarom het hy wat die owerheid teëstaan, teen die reëling van God stelling ingeneem; dié wat daarteen stelling ingeneem het, sal ’n oordeel oor hulle ontvang. Want dié wat heers, is nie ’n voorwerp van vrees vir die goeie daad nie, maar vir die slegte. Wil jy dan geen vrees vir die owerheid hê nie? Hou aan om goed te doen, en jy sal lof van hom ontvang; want hy is God se dienaar vir jou, tot jou beswil. Maar as jy doen wat sleg is, moet jy vrees: want dit is nie verniet dat hy die swaard dra nie; want hy is God se dienaar, ’n wreker, om gramskap te bring oor die een wat beoefen wat sleg is. Daar is dus dwingende rede vir julle om onderdanig te wees, nie net weens die gramskap nie, maar ook weens julle gewete. Want daarom betaal julle ook belasting; want hulle is God se openbare dienaars wat voortdurend juis met dié doel dien. Gee aan almal wat hulle toekom: aan hom wat die belasting verlang, die belasting; aan hom wat die skatting verlang, die skatting; aan hom wat vrees verlang, sulke vrees; aan hom wat eer verlang, sulke eer.



1 Petrus 2:17

“Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Eer die keiser”.



Perspektief / Owerhede

Die owerhede onder wie Paulus en die gemeentes geleef het, was beslis nie Christelike owerhede nie. Tog wil God dat daar vir die Romeinse owerheid gebid word, hoeveel kwaad dié owerheid die gemeente ook al aangedoen het.

Paulus neem sy argumente van bid vir owerhede sodat ’n ideale situasie waarin toegewyd en eerbaar aan God geleef kan word, nog verder. Hy sê dat God wil alle mense moet gered word. God se droom vir hierdie wêreld is dat alle mense gered sal word. Sy droom is dat almal by die waarheid van Jesus Christus wat aan die kruis mense verlos het, sal uitkom. Almal moet die waarheid leer ken en dit omhels. So kan Christus almal se Middelaar en Verlosser wees. Almal moet in God en Christus glo en toegewy aan God en eerbaar lewe. Dit is dus op die ou end die doel van bid vir die owerhede. Owerhede moet ’n lewe en ’n leefplek van rustigheid skep sodat gelowiges aan God toegewy en eerbaar sal lewe sodat nog meer en meer gelowig kan word en toegewy en eerbaar kan leef.

Ons moet bid vir plaaslike, provinsiale en sentrale owerhede, parlamentslede en die president met sy kabinet. Die optrede van die owerheid het direk te make met die voortgang van die evangelie en die koms van die koninkryk van God in hierdie wêreld. Die owerheid kan evangelie-bevorderend regeer of hulle kan evangelie-blokkerend regeer. Die laasgenoemde owerhede sal eenmaal verantwoording moet doen en tot verantwoording geroep word, net soos dit van alles wat ons doen of nalaat, geld. Hoe nodig is dit om elke dag opnuut in geloof, hoop en liefde te leef. Hoe onmisbaar is die daaglikse gebed. Mag die gebed van die kerk in ons land, deur God se verhoring die uitwerking hê dat ons as kerke te midde van die samelewing - maar met ’n eie taak en lewe - ’n stil en rustige lewe kan lei.



Bid asb vir: Bid vir leiers wat ’n lewe en leefruimte skep waarbinne ons toegewy en eerbaar kan leef en ander mense na God kan trek. Bid dat ons as Christene toegewyd aan God sal leef om so mense na God se koninkryk te trek.

Kom ons bid: God ons Vader, ek bid vir ons politieke leiers. Maak hulle bewus van watter groot verantwoordelikheid hulle aanvaar het. Maak hulle intellektueel en moreel sterk genoeg om dit te dra. Wees met almal wat beleid moet vasstel en politieke programme moet visualiseer en bestuur. Gee hulle die eerlike begeerte om vir die voordeel van die hele bevolking te werk en niks te besluit wat ras teen ras, klas teen klas of groep teen groep kan stel nie. Bewaar hulle van magspeletjies en korrupsie vir eie voordeel. Laat hulle hul politieke mag Vir werkbare, deursigtige projekte aanwend. O Here, maak ons nasionale en provinsiale leiers manne en vroue van integriteit, mense wat beloftes wat hulle maak, uitvoer. Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus, sonder wie hulle niks kan doen nie. Amen.

Beskuit @ R35 per pakkie

Lappiesboontjies

**@ R45 p/k
(vir sop &
sousboontjies)**

Navrae:

021 853 5991



Ook te koop by Kerkkantoor:

Anna se organiese Hanepoot Korrelkonfyt: R20 per potjie

ALLES is ten bate van die Voedselteesprojek



SNUFFELMARK:

Sedert 16 jaar gelede het die Snuffelmark, wat klein begin het, tot 'n hoogs suksesvolle diensaksie gegroei. Elke jaar werk ons vir 'n gemeenteprojek. Die laaste Woensdag van elke maand word sowat 30 tafels in die kerksaal vol gepak met goedere wat deur gemeentedelede geskenk word. So kry baie artikels wat in huise in onbruik is, nuwe lewe!

16 Gemeentevroue woeker met mening. Ons het ook 'n uitreikprogram. Deur die jare is baie persone en instansies (waar daar nood is) onder ons aandag gebring. Dit is 'n groot voorreg om gereeld aan hulle te skenk.

Ons is dankbaar dat ons onlangs R9 000 kon bydra tot die aankope van 'n nuwe Dataprojektor vir die kinder -en jeugbediening.

Ons het groot waardering vir almal wat so ruim bydra om van die mark 'n sukses te maak. **Baie dankie.** Tans is daar 'n tekort aan KOMBUISWARE, BEDDEGOED, LINNE, ens.

'n Spesiale dank ook aan ons koster (Wessel) en sy helpers, Victor en Rose. Sonder hulle hulp sou ons nie die mas kon opkom nie.

Groot dank ook aan die ons Hemelse Vader vir die krag om die taak te verrig. Snuffelmarkgroete van ons groepie.


KINDERBLAD

VRA VIR MAMMA OF
PAPPA OM JOU TE
HELP OM DIE KRUISIE
UIT TE KNIP EN TE
VOU



LEESROOSTER : APRIL 2018

(Joh.20:1-18; Joh.20:19-31; Hand.3:12-19; Ps.23; Joh.15:1-8)



DWARS:

1. Die klip van die graf was ... [Joh. 20]
5. Sondagmôre ... kom Maria Magdalena by die graf [Joh. 20]
8. U laat my by 'n ... aansit [Ps. 23]
9. U ... my soos 'n eregas [Ps. 23]
11. Jesus het vir Sy dissipels gesê: "... vir julle!" [Joh. 20]
12. Die Here is my ... [Ps. 23]
14. Hy laat my in groen ... rus [Ps. 23]
17. Hulle het nog nie die ... verstaan dat Jesus moes opstaan nie [Joh. 20]
18. In die graf het hulle net ... sien lê [Joh. 20]
19. 'n Loot kan nie uit sy eie ... dra nie [Joh. 15]
20. Tomas se ander naam [Joh. 20]

AF:

2. Rabboeni beteken ... [Joh. 20]
3. Jesus het nog baie ander ... gedoen [Joh.20]
4. Hy lei my op die regte ... [Ps. 23]
6. Elkeen wat vrugte dra. ... Hy reg [Joh. 15]
7. Ek is die ... wingerdstok [Joh. 15]
10. ... en die ander dissipel het toe na die graf toe gegaan [Joh. 20]
11. In U hande is ek ... [Ps. 23]
13. In ... dieptes sal ek nie bang wees nie [Ps. 23]
15. Hy gee my nuwe ... [Ps. 23]
16. My ... is die boer [Joh. 15]

We are Helderberg

We are the leaves rustling in ancient Milkwoods.
We are the fresh breath of the ocean air,
We are the art and sculptures in our local galleries.
We are organic farmers markets with family and friends.
We are fine wines and cuisine from our most exclusive wine estates.



Lets' get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

Edelweiss Hankey 083 252 1964 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
Burger van Dyk 084 540 4543 / burger.vandyk@pamgolding.co.za



pamgolding.co.za

